## 9 Februarie Johannes 6:22-29 (Matt 5:6)

### *Die Ware Koninkryksburger: Hongerende na God se wil – en versadig*

Hoe meer jy jou verdiep in Jesus se saligsprekinge, hoe meer besef jy: As my lewe nie volgens die uitsprake is nie, is daar fout met my Christenskap....

Die woord "geregtigheid", of "reg" in ons teks, dui nie op "reg en geregtigheid" tussen mense nie, nog minder op iets soos menseregte, of 'n soort moraliteit. Dit is geregtigheid ten opsigte van die Koninkryk van God (Matt 6:33) waar God se wil deurslaggewend is.

Die ware Koninkryksburger is die begenadigde mens wat vanuit sy vryspraak deur Jesus Christus begeer dat God se wil wat reg is, moet deurgaan in wêreld met al sy onreg. Uit dankbaarheid begeer hy of sy om ook te doen wat reg is volgens God se Tien Gebooie. Eintlik is dit elke dag 'n begeerte na God Self en na sy Woord waardeur God se Gees werk. Vanuit sy weergebore hart "honger" hy daarna dat God eerste moet kom in sy lewe en dan sy naaste. Hy raak leeg van sy ou, eie ek.

Hierdie hongerende mens se saligheid bestaan daarin dat hy versadig sal word. Die Heilige Gees lei hom al verder op die pad van heiligmaking. Maar dit is nie net leiding nie; hy word hoe langer hoe meer vervul met die Gees van sy Saligmaker, word al voller van die ware lewe met God.

As jy wat jouself 'n Christen noem, na jouself kyk, sien jy 'n mens wat hongerende is na God se wil wat reg is? Wie kom eerste in jou lewe?

Sing: Psalm 42:1,7 Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)